Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 30 bladsye**

Kopiereg voorbehou

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

### AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag.

| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| **OF** | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| **OF** | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 11 |

### AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag.

| | | |
|---|---|---|
| 4. *Poppie – die drama* | 35 | 15 |
| **OF** | | |
| 5. *Paljas* | 35 | 19 |

### AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

| | | |
|---|---|---|
| 6. "Die pakkie" | 18 | 22 |
| **EN** | | |
| "Benedicta" | 17 | 25 |

### AFDELING D:GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

| | | |
|---|---|---|
| 7. "Kabouterliefde" | 18 | 27 |
| **EN** | | |
| "Kontak" | 17 | 29 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



**NASIENRIGLYNE**

- As ʼn kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ʼn streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As ʼn kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ʼn spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As ʼn kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ʼn vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. ʼn Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.
- Indien ʼn verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in (ʼn) sin(ne) of met koeëlpunt gegee word. Sien slegs 1 feit per koeëlpunt na indien 2 feite by een koeëlpunt gegee is.
- By OF SOORTGELYK beteken dit ʼn sinoniem vir die antwoorde, nie ʼn nuwe gedagte/antwoord nie.

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Osborne is verplaas./Die regering se amptenaar is weg. | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.1.2 | • Saul se droom om 'n verhouding met Kate te hê.<br>• Saul se droom om genoeg geld te hê om op 'n skip weg te vaar.<br>• Saul se droom om vry te wees.<br>• Saul se droom om die Bos te bewaar.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.2 | • Saul kon MacDonald se "liegstem" herken.<br>• Saul het dadelik geweet MacDonald lieg oor Patterson.<br>(Enige EEN soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 1.3 | (By) Kate | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.4 | • Die goud kon vir Saul/Bosmense 'n beter lewe bied.<br>• As daar goud in die Bos was, het dit aan die Bosmense behoort.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.5.1 | Patterson ...<br>• het benoud gevoel in die mis/gesukkel om asem te haal.<br>• was bang (vir die bos/digte bome/olifante).<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.5.2 | Saul wou uitvind waar die goud was/hoe om die goud te delf.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.6 | Patterson moes ...<br>• in die naaste boom klim.<br>• sy baadjie neergooi. | (2) | 2 |
| | | | |
| 1.7 | (Patterson het belowe om sy) (sorteer)pan (vir Saul te gee). | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.8 | van mag en geld gehou | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.9.1 | Hulle wou niks daarvan weet nie.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.9.2 | • Saul se familie hoef dan nie net meer met hout 'n inkomste te verdien nie.<br>• Saul se familie hoef dan nie meer voor die houtkopers te kruip nie/kon menswaardig wees.<br>• Saul se familie kon dan hulle skuld by die houtkopers afbetaal.<br>• Saul se familie kon dan die Bos bewaar soos hulle wou.<br>• Die Bos sou steeds aan die houtkappers kon behoort.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.10 | • Arend het in 'n verroeste hoefyster getrap./Die spyker het in Arend se voet gesteek.<br>• MacDonald het geweier om Arend se wond te behandel./ MacDonald het vir Arend weggejaag.<br>• Arend is dood aan bloedvergiftiging.<br>(DRIE feite) | (3) | 1 |
| | | | |
| 1.11 | Saul het gesien dat MacDonald ...<br>• nie vir ander mense omgegee het nie.<br>• wreed teenoor ander mense was.<br>• ander mense misbruik het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.12 | vir MacDonald met 'n kluit gegooi. | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.13.1 | • 'n Nuwe goudrif is gevind.<br>• Die goudkoors het hoog geloop.<br>• Die mense was opgewonde oor die moontlikheid om ryk te word.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.13.2 | • Saul was bang vir die (verdere) vernietiging van die Bos.<br>• Saul het besef dat delwers nooit sou ophou instroom nie.<br>• Saul het besef die Bosmense was aan die verloorkant.<br>• Saul het geweet dat die rif nie baie beteken nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.14 | • Saul is nie toegelaat om die *Public Library* te gebruik nie.<br>• Saul is verbied om enige kontak met Kate te hê.<br>• Die dorpskinders het vir Saul oor sy voorkoms gelag.<br>• MacDonald het opmerkings gemaak oor die Bosmense wat vuil en wild was.<br>• Mevrou MacDonald het verwys na haar koninklike bloed/wou Saul minderwaardig laat voel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 1.15.1 | • Saul is op daardie stadium deur die Engelse/Knysna-mense aanvaar.<br>• Saul kon toe sosiaal met die Knysna-mense verkeer.<br>• Saul was toe self 'n ryk/gesiene man/nie meer van MacDonald afhanklik nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.15.2 | • MacDonald wou opnuut vir Saul verneder.<br>• MacDonald wou wys dat hy nog die mag het om Saul seer te maak.<br>• MacDonald wou vir die mense by die dansparty sy mag oor Saul bewys.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.16 | • Saul kon nie gelyk op verskillende plekke wees nie.<br>• Saul kon nie alleen teen die vernietiging van die Bos baklei nie.<br>• Daar was te veel delwers vir Saul om te beheer.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.17 | • Die mense het opgewonde geraak oor die goud wat dalk nie daar is nie.<br>• Daar was nog nie navorsing gedoen oor die goudrif nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.18 | • D<br>• nie meer goud te gaan delf nie.<br>• D nie meer goud te gaan delf nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.19 | • Saul het MacDonald nie meer nodig gehad nie.<br>• Saul het gewys dat hy karakter het/gestaan het vir wat reg is.<br>• Saul het bevestig dat toe hy 'n streep getrek het, hy nie weer gaan terugdraai nie.<br>• Saul het vir MacDonald gewys dat hy bedoel het wat hy gesê het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 1.20 | • A<br>• handsome Dutchman<br>• A handsome Dutchman<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.21.1 | • C<br>• Alexander MacDonald<br>• C Alexander MacDonald<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.21.2 | • D<br>• James Stewart<br>• D James Stewart<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.21.3 | • E<br>• Abraham Steyn<br>• E Abraham Steyn<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.21.4 | • A<br>• Jozef Barnard<br>• A Jozef Barnard<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.22 | • Saul se droom oor sy familie.✓Saul het vrede gemaak met sy familie./Saul se familie kon uit die skewe sirkel loskom.✓<br>• Saul se liefde vir Kate.✓Saul en Kate kon toe bymekaar wees.✓<br>• Saul se droom om ŉ nuwe begin te maak.✓ Saul het nuwe geleenthede gekry/sou ŉ meubelbesigheid begin/Kate het ŉ hoekerf in Knysna namens hom gekoop.✓<br>(Enige EEN droom en ŉ verduideliking) | (2) | 4 |
| | | | |
| 1.23 | Die kring wat my die meeste geraak het was ...<br>• die soektog na Oupoot wat sy liefde vir die dier gewys het.<br>• Saul se kring in en uit die Bos wat gewys het op sy omgee vir die Bos en sy mense.<br>• die skewe kring van die houtkopers teenoor die houtkappers wat hulle arm gehou het.<br>• die skewe kring wat tot die vernietiging van olifante/die Bos gelei het, want ek dink natuurbewaring is belangrik.<br>(Enige EEN of soortgelyk; enige motivering wat by die gekose sirkel pas, is aanvaarbaar.) | (1) | 4 |
| | | **[35]** | |

**OF**

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Hanna was bekommerd omdat sy ...<br>• gedink het Sharon gaan dalk negatief op Gavin reageer.<br>• nie geweet het hoe om Gavin se gay-wees te hanteer nie.<br>• Gavin nie goed geken het nie, (want hy was ŉ afwesige pa.)<br>• haar dalk vir Gavin kon skaam.<br>• nie wou hê Sharon moes Gavin sien nie.<br>• bang was hy bring dalk ŉ kêrel/"lover" met ŉ slangvelbroek.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.1.2 | • Gavin was ŉ afwesige pa/nie by haar vorige verjaarsdae nie/net ŉ stem oor die telefoon.<br>• Gavin het onvanpaste geskenke gekoop.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.2 | Die gesin het vir Hanna ...<br>• gesing.<br>• verras met (unieke) verjaarsdaggeskenke. (Individuele geskenke kan genoem word vir 1 punt).<br>• kos in die bed gebring/'n mooi skinkbord met kos voorberei.<br>• 'n mooi kaartjie gemaak.<br>• spesiaal laat voel deur vroeg op te staan vir haar verjaarsdag.<br>(DRIE FEITE) | (3) | 2 |
| | | | |
| 2.3 | Hanna het geleer ...<br>• dat haar familie vir haar omgee/lief is.<br>• om nie pessimisties/bevooroordeeld te wees nie.<br>• dat dinge soms beter is as wat jy gedink het dit sou wees.<br>• 'n groot/uitgebreide gesin het ook voordele ingehou (baie geskenke).<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.4 | Tibo en Amos wou saam eet (aan die sjokolade). | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.5.1 | • Sharon<br>• Fabienne<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.5.2 | • Dit pas by die karakters wat sonder pretensie leef.<br>• Dit is 'n (informele) familiegesprek.<br>• Dit pas by Tibo en Amos se ouderdom.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.5.3 | • Hanna het besef sy kon ook mooi wees./Sy het mooier gelyk.<br>• Hanna het meer selfvertroue gekry.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.6.1 | • (Na) hul huis in Kaapstad.<br>• (Na) die huis waarheen hul na Beyers en Mana se troue getrek het.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.6.2 | Vir Hanna-hulle was die huis 'n "nuwe"/ander huis,✓<br>maar die huis was eintlik verwaarloos/lelik.✓<br>(Of soortgelyk. IRONIE: albei kante moet gestel word, 2 of 0) | (2) | 3 |
| | | | |
| 2.7 | • Gavin se (geleende) motor het in die modder vasgeval.<br>• Gavin moes die laaste ent stap.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.8 | • Gavin het almal vermaak (met sy dramatiese aankoms).<br>• Gavin het voorgestel dat hulle 'n konsertspeletjie/*charades* speel.<br>• Gavin het vir Hanna 'n spesiale/cashmere trui/gepaste geskenk gegee.<br>• Gavin het (die volgende aand) 'n spesiale ete gemaak.<br>(Enige TWEE) | (2) | 3 |
| | | | |
| 2.9 | Yann het vir Hanna probeer wys dat hy ...<br>• haar (skryf)talent raakgesien het.<br>• haar wou aanmoedig om haar lewensverhaal/stories te skryf.<br>• haar verstaan het.<br>• geweet het wat sy as geskenk sou waardeer.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.10 | • Na hierdie verjaarsdag was Hanna se siening oor haar gesin positief./Hanna het besef 'n saamgestelde gesin kan werk.<br>• Hanna het besef dat haar gesin vir haar omgee.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.11 | • (Na) die baba/Ditjie<br>• (Na) Hanna se nuwe babasussie<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.12.1 | verpleegster | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.12.2 | eksentriek | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.13 | • Sy wou haar (lang, rooi) naels afknip.<br>• Sy kon nie met lang naels vir Mana met die geboorte help nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 2.14 | • Dit was nie Hanna nie, maar Margot/Sharon wat Mana tydens die hele geboorteproses gehelp het.<br>• Hanna het die slaapkamer verlaat (want sy kon nie Mana sien swaarkry nie.)<br>(Of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.15 | • B<br>• heeltyd op en af geloop.<br>• B heeltyd op en af geloop.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.16 | • C<br>• Sharon het vertel dat die baba gebore is.<br>• C Sharon het vertel dat die baba gebore is.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.17 | Hanna het gesê dat sy haar sussie teen seerkry wou beskerm.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.18.1 | Margot | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.18.2 | • Margot moes in Johannesburg wees.<br>• Margot moes aan ŉ TV-reeks begin werk.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 2.19.1 | • C<br>• Fabienne<br>• C Fabienne<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.19.2 | • A<br>• Margot<br>• A Margot<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.19.3 | • E<br>• Sharon<br>• E Sharon<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.19.4 | • B<br>• Gavin<br>• B Gavin<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 2.20 | • Hanna sou na die vakansie dinge minder bevraagteken het.<br>• Hanna het haar lewe leer aanvaar.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 2.21.1 | • Die wittebrood (saam met haar gesin.)<br>• Die nagmerrierit na Botterberg.<br>• Die geboorte van die nuwe babasussie.<br>• Om vasgekeer te wees op ŉ berg.<br>• Om deur ŉ helikopter gered te word.<br>(Enige EEN avontuur wat ongelooflik is; kandidate se antwoorde moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 4 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 2.21.2 | **Die wittebrood** in geheel kan as ŉ ongelooflike avontuur gesien word vanweë EEN van die volgende redes:<br>• Die nagmerrierit soontoe.<br>• Die feit dat die wittebrood saam met die hele gesin gehou word.<br>• Die wittebrood se ongewone omgewing/geen elektrisiteit nie.<br>• Gebeure soos die geboorte van baba/vasgekeer op berg/helikopterredding.<br>• Die aangelapte gesin wat nou ŉ hegte gesin geword het.<br>• Omdat dit ŉ ongewone plek/ervaring/groep mense saam was/ongewoon dat kinders saam met ouers wittebrood hou.<br>Die **nagmerrierit na Botterberg** omdat dit gevaarlik was.<br>**Geboorte van die babasussie o**mdat dit spanningsvol/ongewoon was.<br>**Vasgekeer op die berg** omdat die leser nie weet wanneer uitkoms sou kom nie.<br>**Om deur ŉ helikopter gered te word o**mdat dit baie ongewoon was/asof hulle in ŉ film was.<br>(Enige EEN rede) | (1) | 4 |
| | | **[35]** | |

**OF**

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Schalk/Skalla | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.1.2 | Sheila was in ŉ (**motor)ongeluk**/is in ŉ (motor)ongeluk verlam.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.2 | • Fred was ŉ **leier** in die gemeenskap/invloedryk.<br>• Fred het **baie** vir die mense van Salamanderbaai **gedoen**/was ŉ groot werkverskaffer.<br>• Fred was al **vantevore** die **burgemeester**.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.3.1 | Schalk/Skalla | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.3.2 | • Schalk het sy familie (eers) geïgnoreer.<br>• Toe het hy hulle openlik geopponeer/uitgedaag/uitgetart.<br>• Schalk het die ander kandidaat ondersteun (nie vir Fred nie).<br>(Of soortgelyk) | (1) | 2 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.4.1 | • Kinnie was verleë oor haar **swangerskap**/was swanger.<br>• Kinnie was **nie gewoond** daaraan om by mense soos Fred-hulle se huis aan te klop nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.4.2 | Schalk/Skalla het hulle afgeluister./Hulle gesprek is afgeluister.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.5.1 | • Kinnie wou Fred herinner aan haar **toestand**/dat sy **swanger** was.<br>• Kinnie wou Fred laat besef **dat dit sy kind was**.<br>• Kinnie het gesê dat Fred belowe het om **haar te help**.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.5.2 | Ja.<br>• Dit was 'n private aangeleentheid/nie 'n werksaangeleentheid nie.<br>• Kinnie kon nie langer die waarheid alleen dra nie.<br>• Kinnie het die reg gehad om Fred te konfronteer.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dit was nie reg om sy vrou bloot te stel nie.<br>• Fred het vir Kinnie geld gegee om 'n einde aan die saak te maak.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.6 | Kinnie word as **jonk/onskuldig/verleë/senuweeagtig** voorgestel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 3.7 | Omdat ...<br>• Sheila **beleefd/respekvol/simpatiek/geduldig** teenoor Kinnie was.<br>• Sheila Kinnie **ingenooi**/met respek na haar **geluister** het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.8 | • A<br>• nie 'n ware vrou vir Fred was nie.<br>• A nie 'n ware vrou vir Fred was nie.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.9 | eenkant alleen te sit | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.10 | • Elsabet het tog 'n baba/kind gehad/het dit vir haar **moeiliker gemaak om Meeuland te verlaat**.<br>• Ryna kon 'n **ma wees**/die baba **versorg**.<br>• Jannerik kon **deel van die baba se lewe wees/moes 'n moeilike keuse gemaak het toe Elsabet se baba dood is**.<br>(Enige DRIE feite of soortgelyk. Elsabet, Ryna en Jannerik moet genoem word.) | (3) | 2 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.11 | Fred was bang dat die waarheid oor Kinnie se baba sou uitkom/dat dit sou uitkom dat Fred die baba se pa was.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.12.1 | • Elsabet en Jacob het eers die vorige dag gehoor dat Ryna/ŉ besoeker op pad was.<br>• Ryna se blyplek was nog nie gereed vir haar koms nie.<br>• Ryna se koms het Elsabet se lewe ontwrig./Elsabet het gedink dat sy moes regstaan vir Ryna./Elsabet was hoog swanger.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 3.12.2 | • Ryna het na Elsabet geluister/was haar klankbord.<br>• Ryna het simpatie met Elsabet gewys.<br>• Ryna kon na Janka kyk (toe Elsabet Meeuland verlaat het).<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.13 | Elsabet het uitgevind dat Fred ontrou aan haar was/haar verneuk het./Hulle verhouding het slegter geraak./Hy was al hoe meer weg van die huis af./Hy het nie vir Elsabet teen die kinders beskerm/haar ondersteun nie./Elsabet was ongelukkig in daardie huwelik.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.14 | nie sensitief was vir Elsabet se gevoelens nie | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.15.1 | • Schalk het vir Elsabet (ŉ briefie met) Jackie se nommer gegee.<br>• Elsabet het die telefoongesprek tussen Jackie en Fred afgeluister.<br>• Elsabet het ŉ nommer geskakel en Jackie het geantwoord.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.15.2 | Ja.<br>• Elsabet het geglo dat sy Fred se groot liefde was.<br>• Elsabet se optrede nadat sy uitgevind het van Fred se verhouding, toon dat sy dit nie verwag het nie.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Elsabet het Fred geken as iemand wat buite-egtelike verhoudings het.<br>• Daar was tekens (voorbeelde kan gegee word) dat hul verhouding versleg het.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 4 |
| | | | |
| 3.16 | • Die **kinders** het haar nie goed behandel/**aanvaar nie**.<br>• Al **Sheila se foto's en goed** was nog in die huis./Sy mag nie Sheila se goed verskuif het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 3.17 | Meeuland was die plek wat vir haar soos 'n tronk gevoel het/ waarvandaan sy wou wegkom,✓ maar toe in haar grootste hartseer, was dit die plek waarheen sy wou teruggaan.✓<br>(IRONIE. Twee kante moet gestel word. 2 of 0) | (2) | 3 |
| 3.18 | • D<br>• ook deur sy familie eenkant toe gestoot is.<br>• D ook deur sy familie eenkant toe gestoot is.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| 3.19 | • Schalk het haar ook **verwerp**/verneder.<br>• Schalk het voorgestel dat Elsabet Fred moes verlaat.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| 3.20.1 | • C<br>• Doreen<br>• C Doreen<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 3.20.2 | • E<br>• Elsabet<br>• E Elsabet<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 3.20.3 | • D<br>• ant Hansie<br>• D ant Hansie<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 3.20.4 | • A<br>• Ryna<br>• A Ryna<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 3.21 | • Janka het sonder 'n ma grootgeword.<br>• Sy het weer teruggegaan na haar geliefde Meeuland.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 2 |
| 3.22 | Jacob, want ...<br>• hy kon hom weer oopstel vir liefde na so baie teleurstellings.<br>• hy was 'n harde werker.<br>• hy was 'n goeie pa vir Janka al was sy nie sy kind nie.<br>Jannerik, want ...<br>• hy het ten spyte van baie seerkry begrip vir ander getoon.<br>• hy het sy kleinkind opgeoffer om Elsabet gelukkig te maak.<br>• hy het Ryna geleer om vrede te maak met haar pyn.<br>(Twee feite by keuse. Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word) | (2) | 4 |
| | | **[35]** | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 4: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotze

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Mbatane | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.1.2 | • Dit was die tradisie/aanvaarbaar (in daardie tyd) om vroeg te trou.<br>• Mama was bang Poppie kry nie ŉ man nie.<br>• Mama wou lobola gehad het.<br>• As Poppie trou, sou dit een kind minder wees vir Mama om te versorg.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.2.1 | Stone ...<br>• was ŉ netjiese man.<br>• het ŉ mooi lyf gehad.<br>• het ŉ gestreepte pak en dubbelborsbaadjie aangehad.<br>• het Sondae klere aangetrek wat bymekaar gepas het.<br>• was nie so woelig soos die ander jong mans nie/het nie saam met die ander mans gekuier nie.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.2.2 | • ŉ Mens kan nie iemand se karakter bepaal uit sy grootwordplek nie./Dis bevooroordeeldheid/stereotipering/diskriminasie.<br>• Poppie het nie eintlik iets van Herschel geweet nie.<br>• Poppie het nie aan die begin moeite gedoen om Stone beter te leer ken nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 4.3 | Stone het briefies geskryf (met mooi woorde in).<br>(Of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 4.4 | Ja.<br>• Dit kan deel wees van jou kultuur.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Ouers kan nie aan hulle kinders voorskryf wat om te doen nie.<br>• Dit is nie nodig om vroeg te trou nie.<br>• Kinders wil nog eers die lewe ervaar/hulself leer ken.<br>• Kinders is nog onvolwasse.<br>• Opvoeding is vandag belangriker as om vroeg te trou.<br>• Dis onwettig.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.5 | Ma Lena | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.6 | • Poppie het geleer hoe om die vrou in 'n Xhosa-huwelik te wees.<br>• Poppie het die skoonfamilie leer ken/respekteer.<br>• Poppie het geleer mense bly ook in berge.<br>• Poppie het van die skoonmense se kultuur geleer.<br>Poppie het geleer hoe om ...<br>• suurpap te maak.<br>• mielies fyn te maal.<br>• ukukola oornag te week om suur te word/hoe om gis te maak.<br>• koring te bhula.<br>• water te skep.<br>(Enige DRIE) | (3) | 1 |
| | | | |
| 4.7 | Hulle (eerste) baba het (in die winter aan kinkhoes) gesterf. | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.8.1 | ons het iets gewys/iets het reggekom | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.8.2 | • Poppie is 'n positiewe mens.<br>• Poppie glo dat dinge beter sal gaan.<br>• Poppie aanvaar die negatiewe sy van die lewe.<br>• Poppie het vasberadenheid/deursettingsvermoë getoon/nie tou opgegooi nie.<br>• Poppie was 'n sterk vrou.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.9 | • Poppie is gedwing (deur die regering/wette) om Kaap toe te gaan.<br>• Poppie het Kaap toe gegaan omdat sy haar familie gemis het.<br>• Poppie het al in die tronk beland omdat sy op Lambertsbaai gebly het.<br>• Poppie het Kaap toe getrek omdat al die huise om haar afgebrand is.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.10 | • Poppie het nie blyplek gehad nie.<br>• Poppie moes dadelik 'n pas/papiere kry.<br>• Poppie moes iemand kry om na Bonsile te kyk.<br>• Poppie kon net werk ver van haar blyplek af kry/by kwekery in Constantia kry.<br>• Poppie moes weer in Mbatane se huis bly.<br>(Enige TWEE) | (2) | 2 |
| | | | |
| 4.11 | Hulle het die dogters by hulle laat bly. | (1) | 1 |

Kopiereg voorbehou 

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.12 | • Dit is toneelaanwysings/wys wat die karakters moet doen./'n Neweteks.<br>• Dis nie deel van die dialoog nie.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.13.1 | Die polisie het gedink Mama en Baby het inligting oor Jakkie gehad/het geweet waar Jakkie was./Dit was die gebruik van die polisie om familielede te arresteer. | (1) | 2 |
| | | | |
| 4.13.2 | Ja.<br>• Hulle kon betrokke gewees het/inligting oor Jakkie gehad het.<br>• Jakkie het 'n polisieman geskiet.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Die polisie kon hulle by die huis ondervra het.<br>• Ander slegte dinge kon met hulle in die polisieselle gebeur het.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 4 |
| | | | |
| 4.14 | • B<br>• gelate aanvaar<br>• B gelate aanvaar<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.15 | • Poppie het ver van haar huis af gewerk.<br>• Poppie se kinders het sonder haar grootgeword.<br>• Poppie het vir lank nie by haar man gebly nie.<br>• Poppie was bekommerd oor gesinslede (soos Jakkie, Mama en baby).<br>• Vukile het tydens die opstande gesterf.<br>(Enige TWEE of soortgelyk; kandidate se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (2) | 3 |
| | | | |
| 4.16 | • B<br>• slot<br>• B slot<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.17 | protagonis | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.18.1 | • E<br>• Vukile<br>• E Vukile<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 4.18.2 | • A<br>• Mosie<br>• A Mosie<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.18.3 | • D<br>• Jakkie<br>• D Jakkie<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.18.4 | • B<br>• Bonsile<br>• B Bonsile<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.19.1 | • Poppie het nie verstaan wat sy verkeerd gedoen het/van God se pad afgedwaal het nie.✓<br>• Poppie het nie verstaan waarom hulle moeilikheid kry nie.✓ | (2) | 3 |
| | | | |
| 4.19.2 | • moedeloos<br>• verward<br>• wanhopig<br>• opstandig<br>• gelate/berustend<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.20 | • Poppie het haar kleinkind/Vukile saam met haar huis toe gebring.<br>• Poppie het haar kleinkind/Vukile versorg.<br>• Poppie het kleinkind ten koste van haar eie kind versorg.<br>• Poppie het ingegryp toe haar kleinkind/Vukile sleg versorg was.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 4.21 | Dis ŉ boodskap van ...<br>• hoop.<br>• berusting.<br>• vrede/kalmte.<br>• God wat in beheer is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 4.22 | • Meer mense sou in die teater aan haar verhaal blootgestel word.<br>• Die visuele voorstelling maak die verhaal toeganklik/boeiend.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 4 |
| | | **[35]** | |

**OF**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## VRAAG 5: *PALJAS* - Chris Barnard

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Karoo | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.2 | • A<br>• desperaat<br>• A desperaat<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.3.1 | twee jaar | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.3.2 | Die kinders het hom gespot/gekoggel/geterg/getart/vir hom gesigte getrek/geluide gemaak/hulle tonge vasgebyt om hom na te maak. (Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.3.3 | Willem ...<br>• was ongelukkig oor die lewe.<br>• het aan 'n angstoestand gely/was bang vir iets.<br>• het iets gesien wat hy nie kon verwerk nie.<br>• het geskrik vir iets.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.3.4 | Hendrik moes ...<br>• geduldig wees.<br>• probeer om nie alles reg te raas nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.4.1 | • Hendrik het nie vir **Katrien** verstaan nie/vertrou nie/was jaloers/het onnodig gekritiseer (voorbeelde kan gegee word.).✓<br>• Hendrik het vir **Emma** aan Nollie probeer afsmeer/'n man gesoek.✓<br>• Hendrik wou vir **Willem** dwing om te praat/het na Willem gestaar.✓<br>(Die antwoord moet fokus op Hendrik se verkeerde hantering van die gesinslede. Voorbeelde kan gegee word. (Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word. DRIE aparte sinne.) | (3) | 2 |
| | | | |
| 5.4.2 | • Dit ondermyn/breek Hendrik se gesag af/laat Hendrik sleg lyk.<br>• Dit breek gesinsverhoudings af.<br>• Dit laat Willem/die kinders ongelukkig voel.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 5.5.1 | • Hendrik het nie vir Frans/ander mans/Katrien vertrou nie/was wantrouig.<br>• Hendrik was jaloers/agterdogtig.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |

Kopiereg voorbehou

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.5.2 | • Frans het melk/appels/vrugte/produkte by Katrien kom aflewer.<br>• Frans het kom hoor of Katrien iets van die dorp af nodig gehad het.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.5.3 | • Emma het openlik gewys dat sy nie van hom hou nie.<br>• Emma het in die veld gaan stap/weggestap.<br>• Emma het nie uit haar eie met hom gepraat nie/kortaf geantwoord.<br>• Emma het hom/die situasie dopgehou.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 2 |
| | | | |
| 5.6 | • B<br>• sy skaam was oor haar voorkoms.<br>• B sy skaam was oor haar voorkoms.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.7 | onbelangrike dinge | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.8.1 | • Katrien het gewens dat sy op die trein was/vry kon wees.<br>• Katrien het gewens om op 'n ander plek/plek met meer lewe/groter plek te wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 5.8.2 | • Nollie het tyd saam met die McDonalds deurgebring.<br>• Nollie was 'n positiewe mens/vredemaker.<br>• Nollie het die McDonalds oorreed om na die Volstruisdans te gaan/hulle by die buitewêreld betrek.<br>• Nollie het plate/musiek vir Hendrik gebring/tyd saam met Hendrik deurgebring (bv. kar reggemaak, brandewyn saam gedrink.)<br>• Nollie het aandag aan Willem gegee/na sy toertjies gekyk.<br>• Nollie het probeer om Emma te verstaan/haar vriendskap te wen.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.8.3 | Na die eiergooiery/Na die klipgooiery/Na die Volstruisdans | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.9 | Nadat Manuel geskiet is. | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.10.1 | • Manuel is geskiet/gewond.<br>• Manuel het nog herstel van die skietvoorval.<br>• Manuel was nog in die bed (na die skietvoorval).<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.10.2 | • Willem het by Manuel se bed gesit.<br>• Willem het Manuel opgepas/probeer opbeur/geselskap gehou.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.11 | • Die mense wat vir Manuel geskiet het<br>• Die mense wat met gewere daar opgedaag het.<br>• Die dorpsmense.<br>• Jan Mol-hulle/kerkmense.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.12 | • Hy was woedend/ontsteld/opgeskroef.<br>• Sy taalgebruik het Hendrik se sterk emosie/ontsteltenis/woede aangedui.<br>• Dit het by Hendrik se karakter gepas.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | | |
| 5.13 | • Katrien het Hendrik probeer kalmeer/berispe/beheer.<br>• Katrien het Hendrik probeer keer om nie so lelik te praat nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.14 | Die polisie ...<br>• het beweer die McDonalds is "getik"/mal.<br>• het gewonder of/gesê dat hulle besig was met duiwelskuns.<br>• het die McDonalds skeef aangekyk toe hulle vir Willem (sou) kom soek het.<br>• Hulle het afleidings gemaak sonder om die saak te ondersoek.<br>• het die storie oor Willem se vreemde gedrag versprei.<br>(TWEE feite, of soortgelyk) | (2) | 4 |
| | | | |
| 5.15 | Manuel het vroeër in die drama vir Willem opgebeur/gehelp/laat glimlag/laat kommunikeer ✓<br>terwyl Willem nou vir Manuel probeer opbeur/help/laat glimlag/laat kommunikeer. ✓<br>(Verwys na albei karakters se rolle. Of soortgelyk; 2 of 0 punte.) | (2) | 3 |
| | | | |
| 5.16.1 | • B<br>• Nollie<br>• B Nollie<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.16.2 | • A<br>• Emma<br>• A Emma<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.16.3 | • E<br>• Jan Mol<br>• E Jan Mol<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **DENK-VLAK** (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 5.16.4 | • C<br>• Manuel<br>• C Manuel<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.17 | • Jy het die reg om te wees wie jy wil wees.<br>• Respekteer/aanvaar ander se individualiteit.<br>• Aanvaar jouself.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 5.18 | • Manuel se paljas het gewerk/se werk was daar klaar.<br>• Manuel se liefde het by die sirkus gelê.<br>• Manuel het die sirkus gemis.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | **[35]** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING C: KORTVERHALE

### VRAAG 6: STORIEJOERNAAL KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE PAKKIE* –Leonard Koza**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Pang (Doodmaak) (en Miena) | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.2 | • A<br>• bendes verskillende gebiede beheer het.<br>• A bendes verskillende gebiede beheer het.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.3.1 | Jakkals | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.3.2 | • Sy het nie van sy hare gehou nie.<br>• Sy hare het soos 'n mop gelyk het.<br>• Sy hare was onnet/deurmekaar.<br>• Sy hare is lank en toutjiesrig.<br>• Hy het groot hare gehad.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | |
| 6.3.3 | Sy het hom "skollie" of "(die) ding" genoem. | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.4 | Esther het gewoonlik ...<br>• haar skoolwerk dadelik gedoen.<br>• nie (buite) rondgeloop nie.<br>• geleer vir toetse.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.5 | • Mevrou Filander het vir die pakkie **gevra**, maar dit nie gevat nie.<br>• Esther het geweier om die pakkie te oorhandig.<br>• Esther het die pakkie by die venster uitgegooi.<br>• Miena het die pakkie buite opgetel/gekry.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.6.1 | • Pang se bynaam was "Doodmaak".<br>• Hy was 'n bendeleier/leier van 'n "*gang*".<br>• Pang was al in die tronk./Hy was uit op parool.<br>• Pang het gedreig om (Slang) dood te maak.<br>• Pang het aggressief opgetree.<br>• Toe Sally hom sien, het sy die teken van die (Rooms-Katolieke) kruis gemaak.<br>• Mense was gespanne/bang in sy teenwoordigheid.<br>• Pang was senuweeagtig.<br>• Pang kon uit vrees impulsief optree.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.6.2 | • Mevrou Filander het Pang se ouersma/pa/Moena/Boeta Allie geken/geweet waar hy vandaan gekom het.<br>• Mevrou Filander het Pang opgepas toe hy klein was.<br>• Mevrou Filander het nie gewys dat sy vir hom bang was nie (en Pang respekteer haar dan.)<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 6.7 | selfversekerd | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.8.1 | • E<br>• Sally<br>• E Sally<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.8.2 | • D<br>• Esther<br>• D Esther<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.8.3 | • A<br>• Miena<br>• A Miena<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.8.4 | • C<br>• Slang<br>• C Slang<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.9 | Ja.<br>• Dit was traumaties om dwelms by haar huis te hê.<br>• Dit was ontstellend om konflik met haar ma te hê.<br>• Sy was ŉ slagoffer van haar omstandighede/in hierdie situasie./Sy was in ŉ moeilike situasie.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Sy het geweet dwelms/dwelmhandelaars is gevaarlik.<br>• Sy het agter haar ma se rug verkeerde dinge gedoen.<br>• Sy het nie haar ma in haar vertroue geneem nie.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 5 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.10 | Ja.<br>• Ek kon my indink hoe bang Esther/Sally was.<br>• Ek kon sien dat die karakters wat by dwelms betrokke was gevaarlik is/nie huiwer om dood te maak nie.<br>• As Sally nie vroeër vir Pang geken het nie, sou hulle situasie baie erger gewees het.<br>• Ek kon sien hoe Esther/'n mens se betrokkenheid by dwelms ook vir Sally/jou gesin in gevaar gestel het/in die moeilikheid laat beland het.<br>• 'n Mens kan in die tronk beland.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Ek kon sien die mense betrokke by dwelms het aan die einde van die verhaal daarmee weggekom.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 5 |
| | | | |
| 6.11 | • Sy kon haar ma om verskoning vra/die hele situasie verduidelik.<br>• Sy kon **belowe** om nooit weer verkeerde goed agter haar ma se rug te doen nie/om nooit weer by dwelms betokke te raak nie/om nooit weer slegte vriende te hê nie.<br>• Sy kon probeer om haar ma se vertroue weer te wen/gehoorsaam wees.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 5 |

**EN**

***"BENEDICTA"* – Margaret Bakkes**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.12.1 | • Hy het sy linker-/een arm ernstig beseer/verloor<br>• Sy regterarm is ernstig beseer. (regterarm verloor = 'n feitefout)<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.12.2 | Hy is deur 'n krokodil/krokodille aangeval. | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.13.1 | ek-verteller/eerstepersoonverteller/interne verteller | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.13.2 | • Dit maak die vertelling persoonlik.<br>• Dit gee 'n getroue weergawe van gebeure./Dit maak die verhaal geloofwaardig.<br>• Dit maak die beskrywing lewendig/realisties.<br>• Dit laat die leser die verhaal emosioneel beleef.<br>• Dit sorg vir die spanning in die kortverhaal.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.13.3 | • Die verteller het kalm gebly in die motor/eers in die badkamer begin huil,✓ want sy wou nie haar man en kind ontstel nie/was sensitief vir hoe haar reaksie die mense om haar kon ontstel.✓<br>• "Die trane wat ek heelpad probeer terughou om my oudste kind se onthalwe...".✓ ✓ | (2) | 4 |
| | | | |
| 6.14.1 | • Christiaan het (as eenjarige) vog op die brein gehad.<br>• 'n Motorfiets het hom raakgery (en hy het 'n dubbele breuk van tibia en fibula gehad.)<br>• (In die Caprivi) het hy met stropers/vyandelike soldate gebots.<br>• 'n Olifant het sy bakkie se deur oopgeskeur.<br>• Hy het van 'n trop stormende olifante weggekom.<br>• 'n Olifant het hom (en 'n groep stappers) bestorm.<br>• 'n Buffel het hom geskep/teen die grensdraad gegooi/op hom gekniel/hom aangeval.<br>(Enige DRIE. Kernfeit moet genoem word.) | (3) | 2 |
| | | | |
| 6.14.2 | Dit het die verteller ...<br>• laat onthou dat hy met elke krisis herstel het van sy besering/siekte.<br>• getroos/hoop gegee.<br>• die sekerheid gegee dat die genade in sy lewe groot was.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.15 | Johannes | (1) | 1 |
| | | | |
| 6.16 | • C<br>• geseënde<br>• C geseënde<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 6.17 | • Sy het met haar gepraat./Sy het gesê sy sou vir die verteller/haar seun bid.<br>• Sy het empatie met die verteller getoon/met haar situasie geïdentifiseer.<br>• Sy het na die verteller geluister.<br>• Sy het weer/'n tweede keer haar arm om die verteller se lyf geslaan.<br>• Sy het vir haar sigarette aangebied.<br>• Sy het haar wodka/vodka gegee/iets sterk om te drink/'n drankie gegee.<br>(Enige TWEE) | (2) | 2 |
| | | | |
| 6.18 | • Benedicta se naam was vir die verteller vertroostend/'n seën.<br>• Die verteller se interaksie/gesprek met Benedicta.<br>• Die feit dat die verteller vertroos/bemoedig is/hoop gekry het/ verseker is dat Benedicta vir haar sou bid.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 6.19 | • Die herhaling van die stelling dat Christiaan nog lewe.<br>• Die tydsverloop/uitsteltegniek bou spanning.<br>• Die terugflitse na Christiaan se vorige krisissituasies/ verteltegniek bou spanning.<br>• Die eerstepersoonsperspektief bou spanning.<br>(Enige TWEE of soortgelyk. Tegniek kan genoem of omskryf word, maar voorbeelde moenie gegee word nie.) | (2) | 3 |
| | | | |
| 6.20 | • Die storie word deur 'n ma vertel.<br>• Die storie fokus op 'n ma se emosionele reaksie op 'n skokgebeurtenis./Die storie handel oor 'n ma se vrese en hoop.<br>• Ma's vrees dat hul kinders iets sal oorkom.<br>• Ma's weet hoeveel hulle vir hulle kinders omgee.<br>• Vir die ma's is dit 'n storie van hoop.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



## AFDELING D: GEDIGTE

### *VERSJOERNAAL*

### VRAAG 7: "KABOUTERLIEFDE"

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.1 | • Die gedig handel oor ŉ kabouter/dwergie wat liefde verklaar/ŉ kabouter se liefde.<br>• Die gedig handel oor fantasie/verbeelding/ŉ fantasiewêreld/ wonderwêreld/surrealisme.<br>• Die gedig handel oor liefde/liefde.<br>• Dit sê vir ons hierdie gedig is vir kinders.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.2 | Simone/die digter se dogter/Ingrid Jonker se dogter/se kind | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.3 | Die kabouter is gelukkig/vrolik/bly/vol lewe/energiek.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.4 | • "hart" "gegee"✓✓ (2 punte slegs as dit die enigste twee woorde as antwoord is.)<br>• "rooi-rooi"/aanvaar ook "rooi"<br>• "hart"<br>• "maan"<br>(Enige/SLEGS TWEE APARTE WOORDE – 3 woorde = 0 punte; volg nasienriglyn oor aanhalings) | (2) | 2 |
| | | | |
| 7.5 | • herhaling (van blou)/repetisie/herhaal/repeteer<br>• (b/bl)-alliterasie/(ou)-assonansie/halfrym<br>(Enige EEN) | (1) | 5 |
| | | | |
| 7.6 | • C<br>• gesien<br>• C gesien<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.7 | • Die kabouter (en die verteller) het bal gespeel <u>met die ("blou-blou") lug.</u><br>• Die kabouter het die ("blink-blou") <u>lug</u> in sy hand gerol.<br>• Die kabouter het die aardbol oor sy kop gegooi.<br>• Die kabouter het sy hemp vir die maan gegee.<br>• Die kabouter het sy hart vir die spreker/ŉ mens gegee.<br>(Enige TWEE) | (2) | 3 |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.8.1 | • C<br>• elisie<br>• C elisie<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 7.8.2 | • A<br>• klanknabootsing<br>• A klanknabootsing<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 7.8.3 | • D<br>• vergelyking<br>• D vergelyking<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 7.8.4 | • E<br>• assonansie<br>• E assonansie<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 7.9.1 | • Die flikkering van die sterre./Die sterre vonkel/flonker.<br>• Die sterre skyn soms helderder en soms dowwer/flouer. | (1) | 3 |
| 7.9.2 | geluk | (1) | 3 |
| 7.10 | • D<br>• kwatryn<br>• D kwatryn<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 7.11 | • Liefde/Die tema is ŉ begrip wat alle mense verstaan.<br>• Liefde/Die tema is vir alle mense.<br>• Die gedig se tema is op alle mense van toepassing.<br>• Die tema van hierdie gedig is liefde./Dit gaan oor liefde.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| 7.12 | • Dit is **eenvoudige** taalgebruik/maklike/basiese woorde.<br>• Daar is baie **herhalings/**iteratiewe. (Aanvaar: Hy gebruik woorde soos rooi-rooi, blou-blou.)<br>**Klanknabootsing** word gebruik. (Aanvaar: Hy gebruik woorde soos kadoemps.)<br>Die digter gebruik baie **verkleinwoorde**. (Aanvaar: Hy gebruik woorde soos lyfie/mondjies/kalkoentjies.)<br>• Die woorde/woordkeuse sluit aan by ŉ kind se wêreld.<br>• Die taalgebruik is klankryk en pas daarom by ŉ kindergedig (assonansie/alliterasie).<br>(Enige EEN of soortgelyk. Kandidaat kan ŉ sin of die vetgedrukte woord as antwoord gee.) | (1) | 5 |

**EN**

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| **"KONTAK" – Theo de Jager** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **DENK-VLAK (Barrett)** |
| 7.13 | • ŉ geliefde/kêrel/nooi/liefie/iemand vir wie die persoon omgee/vir wie hy/sy mis.<br>• "jou"/die jou<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.14 | "kon" | (1) | 1 |
| | | | |
| 7.15 | • Die (sim)kaart (was gekrap).<br>• Die batterye (was pap). | (2) | 2 |
| | | | |
| 7.16 | • Die boodskap/dit wat die spreker wou sê, het net verdwyn/is weg.<br>• Die spreker het nooit die boodskap oorgedra nie./Die spreker het nooit kontak gemaak nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| 7.17 | Ja.<br>• Dit kan so maklik gebeur dat ŉ selfoon se battery pap is/ simkaart gekrap is.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Die spreker kon ŉ ander plan gemaak het.<br>• Die spreker kon op ŉ manier kontak gemaak het.<br>• Die spreker kon ŉ ander selfoon geleen het.<br>• Die spreker het te veel/flou verskonings gehad.<br>(Kandidaat se interpretasie moet met diskresie hanteer word.) | (1) | 4 |
| | | | |
| 7.18.1 | konnotatief | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.18.2 | • Die woord "uitgewas" beteken die spreker het presies probeer sê hoe hy/sy voel.<br>• Die woord "uitgewas" beteken die spreker het sy/haar diepste gevoelens/emosies gewys.<br>(Enige EEN of soortgelyk. 7.18.1 moet korrek wees om die punt te verdien.) | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.19 | vingers | (1) | 3 |
| | | | |
| 7.20.1 | brief | (1) | 2 |
| | | | |
| 7.20.2 | selfoon | (1) | 2 |
| | | | |

Want a tutor to help you ace this exam? www.teachme2.co.za/matric



| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 7.21 | Die spreker het …<br>• ʼn duif gestuur/stuur ʼn duif.<br>• gewag/wag.<br>• gehoop/hoop.<br>• gebid/bid.<br>(Enige DRIE) | (3) | 1 |
| | | | |
| 7.22 | • Duif ✓– Dis ʼn (universele) simbool vir vrede/hoop/goeie nuus. ✓<br>• (Duif met) takkie blare ✓ – Dit is die simbool van versoening/vergifnis/hoop/vrede/liefde/kontak/positiewe boodskap/goeie nuus. ✓<br>(Enige SIMBOOL en ʼn VERDUIDELIKING) | (2) | 5 |
| | | | |
| 7.23 | • Daar is dalk nie hoop vir die verhouding nie.<br>• Die geliefde wil hom/haar dalk nie vergewe nie/met hom praat nie.<br>• Die duif het miskien nie by die geliefde uitgekom nie.<br>• Die geliefde het miskien nie die kontak verstaan nie.<br>• Die geliefde wil dalk nie die verhouding herstel nie.<br>• Die kontak is dalk nie gemaak nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** | |

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou